STELLENBERG
GEMEENTE
Oor grense heen

Huisgeloof

FORMASIEREIS

van voor die doop tot na belydenis

VENNOOTSKAP - OUERSKAP - MENTORSKAP - VRIENDSKAP

Doop
Hier word gedroom oor my geestelike reis en wat God van my ouers verwag. 'n Vennootskap word hier gevorm en huisgeloof gevestig.

Ontwikkeling van my Godsbeeld
3+ JAAR OUD

My reis gaan voort by die kleuterkerk waar ek my Godsbeeld begin ontwikkel. Geloofsgewoontes word by die huis ingeoefen.

Gr 1 Roetemerker
Ek word verwelkom as deel van Annibrand Junior kategese. Ek vier my doop en ontvang my eie Bybel. As gesin word ons gehelp om saam Bybel te lees.

Reis deur die Bybel
7+ JAAR OUD

Verwelkoming tot graad 1. Ek beoog om drie keer deur die Bybel te reis voor my volgende mylpaal. Ek leer die name van die Bybelboeke, die Onse Vadergebed, Bybelverse en wat die Bybelstories in my lewe beteken.

Ontdek my identiteit in Christus
In hierdie lewensfase begin ek my unieke identiteit in Christus ontdek. Bybelskool leer my hoe om die Bybel te lees en berei my groep voor vir die volgende roetemerker.

Oorgang – ek verbind my aan my reis
By 'n gesamentlike diens word nog 'n Roetemerker gevier waar ek myself verbind om my identiteit in Christus te verken.

Oorgang - ek verbind my aan my reis

Ek word in die aanddiens verwelkom. Mentorskap speel 'n belangrike rol in hierdie bediening en hegte vriendskappe word tussen medereisigers gevorm.

Gr. 8

Verken my identiteit in Christus

Ek verken wat dit beteken om my identiteit in Christus uit te leef. Ek word genooi na die Gr 8 Kamp. My medereisigers help my om my gawes te ontdek. Ek word blootgestel aan verskillende bedieninge en verken waar in die aanddiens ek kan dien.

Verdiep my identiteit in Christus

Gr 9-10

Die gemeente help my om my gawes uit te leef, nie net vir myself nie, maar ook vir die mense om my. Ek reik uit deur te help met gasvryheid in die gemeente en neem deel aan verskeie omliggende uitreikaksies.

Gr.11

Leef identiteit in Christus

Ek berei myself voor om myself te verbind aan my geloof in graad 12. Ek word genooi na ‘n pelgrimstog waar ek my eie geloofstorie en die storie van geloof in Suid-Afrika ontdek. Ek tree as leier op by kampe en uitreike.

Gr.12

Verbintenis: My identiteit in Christus as deel van sy liggaam

Ek woon die belydeniskamp by. Ek vier nog ‘n Roetemerker as jong volwasessene waar ek bely dat ek myself aan my geloof in Christus verbind en sal deel bly van die liggaam van Christus. Ek besef dat ek die verantwoordelikheid het om die koninkryk uit te bou en ek neem leiding by verskillende gemeente aktiwiteite.

19+

Geplant

Ek leef myself uit in die gemeente en gemeenskap.
Ek word deel van 'n selgroep. Ek dien as deel van 'n bediening van Stellenberg.

Gestuur

Ek word uitgestuur na 'n nuwe geloofs-gemeenskap. Ek leef Stellenberg se visie en waardes uit en bedien met my gawes in die wêreld.